DIE EVANGELIE ONTMOET DIE KULTUUR IN DIE KERK ...

(Handelinge 15 en die kerk vandag) - Johann du Plessis

Evangelie en kultuur kom by mekaar uit

Die kerk is die plek waar die evangelie en die kultuur by mekaar uitkom. Dit beteken dat die evangelie juis in en deur die kerk so verwoord en uitgeleef moet word, dat dit vir die breër gemeenskap sin maak. Hierdie proses van inkulturasie mik in twee rigtings: Dit *konfronteer* (want die kultuur is nie ongeraak nie), en dit *akkommodeer* (want elke kultuur is ook 'n geldige draer van die evangelie).

Die boek Handelinge vertel hoe die evangelie die destydse wêreld bereik het in die kerk en ook deur middel van die kerk. Handelinge 15 is in sekere sin die sleutelepisode van hierdie wonderlike verhaal. Kom ons kyk hoe dit destyds gewerk het – wie weet, miskien leer ons daaruit iets wat ons kan help om die moeilike besluite wat ons kerk vandag moet neem, uit te voer...

Konflik tussen die oue en die nuwe

Die episode begin met 'n konflik tussen die oue en die nuwe, en vertel dan verder hoe die destydse gemeente dit probeer oplos het. Ons gaan dit van naderby bekyk. Die probleem waaroor in Handelinge 15 vertel word, naamlik of nie-Joodse gelowiges aan die Joodse tradisie moet voldoen voordat hulle christene kon word, is kortliks die volgende:

- Die ou (Joodse) denkwyse beskou die besnydenis, en soos die verhaal verder vertel word, ook die nakoming van die kultiese Wet, as die manier waarop die wins van redding verkry word – as jy dit nakom, dan "doen jy reg." As jy dit nie nakom nie, kan jy nie die wins behaal nie.
- Volgens Paulus en Barnabas, is Jesus se program presies die teenoorgestelde. Daarvolgens word die wins van redding slegs deur geloof in Jesus Christus, en deur God se genade ontvang. Trouens, die onderhouding van die besnydenis en die nakoming van die kultiese Wet, word juis beskou as iets wat die wins bedreig.

Die oplossing vir die konflik – so oortuig Jakobus die vergadering met Skrifaanhalings en verwysings na die tradisie – is iets van albei. Die belangrikste vereiste, naamlik die besnydenis, word laat vaar, maar die (dalk minder belangrike) tradisionele gebruike word verpligtend gemaak. Selfs die Heilige Gees se sanksie word in die brief daaraan verleen! So, kan gesê word, het die evangelie sy Joodse baadjie in Jerusalem aangetrek...

'n "Stroke of genius"?

En skynbaar was almal met dié oplossing tevrede – dit word selfs as 'n *stroke of genius* deur sommige hedendaagse uitleggers beskou. Lees mens egter die verhaal verder, kom jy gou agter dat alles nie so eenvoudig was nie en dat die konflik oor hierdie saak telkens weer kop uitgesteek het. Dink jy nog verder... oor die wyse waarop Handelinge 15 se tipe "oplossing" gebruik is in die geskiedenis, dan besef jy

dat sodanige kompromieë selde permanente vrede bewerkstellig het! Veral nie as die program van die evangelie en die program van die tradisie (kultuur) lynreg teenoor mekaar staan nie!

Dit het my laat dink: Hoe sou mens moet preek oor hierdie gedeelte? En: Kan mens hoegenaamd sinvol preek uit Handelinge 15? Ek meen tog so, maar dan moet die prediker die regte sleutels hê om die evangelie in hierdie kort episode oop te sluit...

Die sleutels is daar.

Petrus onthou God se werk

Eerstens in die woorde van Petrus, wat eers vertel oor die gebeure aan huis van die nie-Jood, Kornelius, en dit dan in verse 10-11 toepas. Dit is juis hierdie getuienis, hierdie ervaring, wat die vergadering tot ander insigte bring. Dit is wanneer God se optrede in Jesus *onthou* word, dat daar energie kom om nuwe besluite te neem. In die geval van die gebeure soos in Handelinge 15 vertel, waarskynlik 'n huiwerige kompromie, maar tog iets nuuts! Die besluit kom nie as gevolg van die "beter" of die "regte" eksegese van Ou Testamentiese tekste nie ... dit word gebaseer op die herinnering aan hoe God deur Jesus werk, hoe Jesus opgetree het en gepraat het.

Nuwe lede dwing die kerk om weer te besin

'n Tweede sleutel: Die nuwe lede wat in die geloofsgemeenskap ingekom het, *dwing* die kerk om weer te besin. Die *inklusiwiteit* van die kerk se lede, maak juis dat hierdie belangrike vergadering plaasvind.

Die kultuur dwing ons om die evangelie in 'n baie nou konteks te lees... en daarom moet daar **inklusiewe gemeentes** wees, waar die evangelie saam gelees word. Daarom moet verskillende kerke (wat in die lig van die Handelingeverhaal eintlik 'n *contradictio in terminus* is) die evangelie *saam* lees. Juis sodat die inkulturasie van die evangelie kan plaasvind. Maar inkulturasie is altyd pynlik, want dit vra altyd aanpassing.

Om af te sluit:
Onthou vir Jesus ... is dit bloot subjektief? Dit het inderdaad te doen met persoonlike ervaring, maar is dit al? Nee, daar is ook sprake van 'n korporatiewe/kollektiewe ervaring, naamlik dit wat in die tradisie van die Nuwe Testament oorvertel is – dit is die hermeneutiese waarde van die hele kanon – en ook dit wat in die geloofsgemeenskap, byvoorbeeld in die geskiedenis van 'n gemeente, oor Jesus ervaar is.

Laat ons ook maar baie *beskeie* wees oor die "oplossings" van en vir die oomblik. Straks is dit in 'n nuwe konteks nie meer die stroke of genius wat ons gedink het nie, maar word dit inderdaad 'n reduksie van die evangelie.

Aanbevole boeke:

Burger, C. & Nell, I. (red) 2002. *Draers van die waarheid:* Nuwe-Testamentiese visies vir die gemeente. Gemeente en bediening nr. 7. Stellenbosch: Buvton.

Verhey, A. 2002. *Remembering Jesus*. Christian community, Scripture, and the moral life. Michigan: Eerdmans.